NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

HOU MEKAAR VAS FOKUS '23

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za – tans onder konstruksie.
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

04 Augustus 2023: Nr 24/2023

Warmnuus

‘As it is in heaven’

Hoofsprekers by Lentekonferensie

Excelsus se 18de Lentekonferensie vind vanaf *19-21 September* plaas.
Waar: Universiteitsoord en UP.
Inskrywings: Kliek hier.
Brosjure/program: Kliek hier.
Navrae: Rika excelsus@up.ac.za.

Kerk en Staat

Verlede week is daar berig dat daar by die onlangse SDR-vergadering ‘n memorandum ter tafel was oor die kerk se verhouding met die staat rakende maatskaplike dienste. Die SKDBM het die memorandum voorberei. **Kliek hier** om dit te lees.

Vul van vakatures

Die aktuarius, *Hannes Bezuidenhout*, het tydens die Sinodale Diensraad (SDR) se vergadering op *19 Julie* ringe versoek om seker te maak dat die kerkorde se prosedures rakende die vulling van predikantsposte noukeurig gevolg word. Hy het o.a. beklemtoon dat indien ‘n gemeente graag ‘n predikantspos wil vul, of ‘n nuwe pos wil skep, die toestemming van die ring gevra moet word. Daar moet ook stawende dokumente in dié verband voorgelê word. Op haar beurt moet die ring die advies van die sinode rakende die versoek vra. Nadat die sinode se skriftelike advies deur die ring ontvang is, kan die ring eers ‘n finale beoordeling oor die versoek doen, wat dan daarop kan uitloop dat die ring die versoek goed- of afkeur. Navrae oor hierdie of ander kerkordelike sake kan aan Hannes gerig word by: hannes@ngnoord.co.za / 083 382 1275.

Sinodenuus

❖ Bybelgenootskap

Bybel in Afrikaans

Vier saam met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die 90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans. **Kliek hier** om die video te speel.

❖ Leef plastiek-vry

WENK 2 : Plastiekvrye badkamers

Een van die maklikste plekke om enkelgebruik-plastiek te verminder is in jou badkamer. Oorweeg dit om die vloeibare seep in jou stort en wasbak met koekies gliserienseep te vervang. Plastiese bottels sjampoe kan ook met soliede sjampoe vervang word. Oorstokkies van herwonne papier en bamboes tandeborsels is nog twee maklike veranderings om te maak.

❖ Dag van Verootmoediging

Sondag *13 Augustus*

By die onlangse SDR vergadering is die volgende beklemtoon:
* Elke gemeente moet die verootmoediging na gelang van hulle eie konteks inrig;
* Gemeentes besluit self of hulle aan die geleentheid gaan meedoen.

❖ CMR Daspoort

Jaarlikse RACA-wedren

19 Augustus (7:00)

Kom hardloop of stap, elkeen is welkom om teen hulle eie pas deel te neem. Kies tussen die 5 km padwedren of die meer uitdagende 10 km uithou-wedren teen die berg by Daspoort.
Die wegspringpunt is by die CMR Daspoort-kantoor langs die kerk. **Inskrywingsgeld**: R50/persoon.
Kontak: Danie Fourie 082 962 5565 founad@lantic.net /
Petro 082 808 4990 / 012 379 5860 petrofourie@cmrn.co.za.

Kolleganuus

❖ Innige simpatie

Kokkie Kok, emeritus, en vroeër ook leraar van Quaggapoort, Kwaggasrand en Warmbad, is op *19 Julie* oorlede. Daar was op 28 Julie 'n gedenkdiens.

❖ Baie geluk

Bernard van Wyk [Thabazimbi] en *Michelle Snyman* trou op *12 Augustus*.

❖ Bewegings

Gerrie Bodenstein [vroeër van Skuilkrans] word op Sondag *6 Augustus 9:00* in Stellastraat bevestig.

Universiteitsoord neem op Sondag *20 Augustus* van **Charlotte Sibanyoni** afskeid. Sy het 'n beurs gekry om vir drie jaar aan die Universiteit van Oslo te gaan studeer.

❖ Verjaarsdagwense

06/08 Alphonso Groenewald [Teologiese Faktulteit, UP]; Dirk Human [Teologiese Fakulteit, UP]
08/08 Johan Pienaar [Emeritus]
09/08 Jan Botha [Emeritus en tans kontrakleraar by Petronella]
10/08 Francois Smit [Pretoria]
12/08 Simon van den Heever [Rooihuiskraal]

06/08 Gerda Strauss [Eggenote van Deon, Rustenburg-Proteapark]
08/08 Tiaan Bronkhorst [Eggenoot van Nadine, Rustenburg-Bergsig]
09/08 Elize Grobler [Eggenote van Thinus, emeritus]
10/08 Harriet Avenant [Eggenote van Johan, The Reeds]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Masvingo [8/8/1936] >>>
Derdepoort [10/08/1946]
Rustenburg-Proteapark [11/08/1977]

❖ Universiteitsoord

Sondae 11:00:
6 Augustus – Theo van Wyk, Departementshoof by UP, en studente.
13 Augustus – Isabelle van Rensburg met Anton Delen op die trompet.
Inligting: Kliek hier.
Toegang: Donasie.

Die gemeente skryf verder: "Op *9 Augustus* vanaf 13:00 tot die aand gaan die kaskarre weer brul by Universiteitsoord. Isabelle van Rensburg gaan 14:00 'n ligte orrelkonsert hou. Daar gaan allerlei kosstalletjies wees en ook heerlike vrugte van die Laeveld. Die aand word afgesluit met 'n Sokkie".
Inligting: www.universiteitsoord.co.za."

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023 Kliek hier.
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

❖ Pastorale Beradingskursus

Trauma as 'n verwoester

Pastorale Perspektiewe deur Wentzel Coetzer.
Die kursus word gerig enersyds op persone met 'n belangstelling in berading (leraars, maatskaplike werkers, jeugwerkers, beraders, ens), en andersyds ook op diegene wat moontlik self op soek is na antwoorde na trauma-tiese ervarings. [Kliek hier vir die volledige inligting].
Datum: *15 Augustus (9:00-13:00)* – Zoom aanbieding.
Inskrywing: Kliek hier. 5 **VBO** punte.
Navrae: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com.

❖ In Pas

Lourens Bosman (Algemene Sinode) skryf namens die *In Pas*-werkgroep:
"Die In Pas-werkgroep bied weer werkswinkels aan vir leraars en gemeenteleiers oor hoe om met *In Pas* in die gemeente af te skop. Tydens hierdie "oefenkampe" stig ons ook oefen-gemeenskappe wat die gemeentes help om mekaar verder te ondersteun en by mekaar te leer. Die oefenkamp vir die Noorde van die land is by eMseni Konferensiesentrum naby Kemptonpark.
Datum: *21-23 Augustus.* **Koste**: R2600. **Besprekings**: Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za.

❖ Jeugonderrig

Datum: *22 en 23 Augustus.* **Spreker**: Gordon Mikoski
Waar: Pretoria, *22 Aug*. 9:00-13:45 – **Kliek hier**
Johannesburg, *23 Aug.* 9:00-13:45 – **Kliek hier**
Registrasie: Kliek hier. **Sperdatum:** *15 Augustus*;
Koste: R150; 5 **VBO** punte; **Navrae**: Lance Thomas lance.thomas@up.ac.za.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode
Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Rustenburg-Suid
Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Navrae: Dolf Smith (083 232 3800: Kerkraadsvoorsitter); Marie Wiliams (014 592 2419 / 071 436 0102: Skriba).

Rustenburg-Proteapark
Voltydse leraarspos: **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar Maart 2024 die gemeente groet.
Diensaanvaarding: *1 Januarie 2024*.

Naskrif

Hou mekaar vas.